Shifty Records

60 PIM STREET, NEWTOWN • P.O. BOX 27513, BERTSHAM, 2013 • TEL: 834 5356/2978

Persvrystelling:

DIE VOËLVRY TOER - DIE EERSTE AFRIKAANSE ROCK 'N ROLL TOER OOIT.

Maak gereed vir die 1989 "Boere Blues" Groot Trek in April en Junie vanjaar, wanneer die pionier van die sogenaamde "alternatiewe" Afrikaanse musiek beweging, Bernoldus Niemand, en sy Swart Gevaar saam met die berugte Gereformeerde Blues Band en Andre' Letoit die wapad pak.

Die landswye Voëlvry toer, gesamentlik gereël deur Shifty Records en Vrye Weekblad, maak sy historiese aanslag as die eerste Afrkaanse rock'n roll toer wereldwyd. Die selle ou deuntjie in 'n nuwe taal, kan jy maar sê. Dalk die Derde Taalbeweging?

Die' revolusionere ossewa sal by die land se kampusse uitspan en trakteer, asook by Kroonstad, Welkom en Bethlehem in die Vry Staat. Daar is ook sprake van langpad vat na Windhoek in Namibia.

Die trek val saam met die uitreiking van Die Gereformeerde Blues Band se debuutlangspeeler, Eet Kreef, en volg op die uitreiking van Shifty se Afrikaanse langspeel-kompilasie, Voëlvry.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Nou ja, daar is al baie geskryf, gegis en geskinner oor die "alternatiewe" beweging, nou is daar die geleentheid om self te hoor waaroor dit gaan. Mense wat weet meen die' is die belangrikste beweging nog in Afrkaanse musiek - dit spreek op 'n humoristiese manier kwelvrae aan en mymer nie soetsappig oor seevoëltjies, brandertjies en sonskyn nie. Boonop word rock 'n roll tradisioneel bekou as die' uitlaatklep van 'n volk se jeug. Trek daai vellies aan en kom bop op die Boere-rock; Afrikaners is mos plesierig, of hoe?

Johannes Kerkorrel en Die Gereformeerde Blues Band het al reeds bewys dat daar a sterk behoefte is aan die' soort musiek. Tydens die historiese "Eerste Alternatiewe Rockfees" wat Maart verlede jaar in die Pool Club in Johannesburg gehou is, het 900 geesdriftiges opgedaag sonder om regtig te weet wat vir hulle wag - iets ongehoords in Afrikaanse musiek. Die Voelvry bekendstelling in Johannesburg se Warehouse het ook omtrent 900 mense gelok en talle het hul vriende saamgesleep om na die Gereformeerde Blues Band te kom luister - die' het vir 'n week daarna in die Warehouse Boerelitte geroer.

Die toer sal ook die laaste geleentheid bied vir die wat nog nie vir Bernoldus Niemand in singende lywe gesien het nie - Mr Niemand beplan geen verdere optredes nie.

Agtergrond materiaal oor die kunstenaars word ingesluit, asook fotos en ander relevante materiaal.

# Shifty Records

60 PIM STREET, NEWTOWN • P.O. BOX 27513, BERTSHAM, 2013 • TEL: 834 5356/2978

TOERDATUMS - ONDERHEWIG AAN VERANDERING - SUBJECT TO CHANGE

| | | |
|---|---|---|
| DINSDAG | 4 APRIL | - Club Countdown, Breestraat 277 - begin van toer en vrystelling van Gereformeerde Blues Band langspeler. |
| VRYDAG | 7 APRIL | - Wits Student Union - 9 P.M. |
| WOENSDAG | 12 APRIL | - RAU - D-Lab - 8 P.M. |
| DONDERDAG | 13 APRIL | - Vaaldriehoek Teknikon - Gimsaal - 8 P.M. |
| VRYDAG | 14 APRIL | - Tuks - Masker Teater - 9 P.M. |
| SATERDAG | 15 APRIL | - Potchefstroom |
| VRYDAG | 21 APRIL | - Bethlehem - Voortrekker Hoërskool Saal - 8 P.M. |
| SATERDAG | 22 APRIL | - Welkom |
| VRYDAG | 28 APRIL | - Bloemfontein - Frans Cronjé Saal - skougronde - 9 P.M. |
| SATERDAG | 29 APRIL | - Kroonstad - Alan Rautenbach Saal - 8 P.M. |
| WOENSDAG | 10 MEI | - Universiteit van Wes Kaap - Main Hall - 9 P.M. |
| VRYDAG | 12 MEI | - Universiteit van Stellenbosch - Die Gat (By die Neelsie) - 9 P.M. |
| SATERDAG | 13 MEI | - 3 Arts Theatre - Plumstead, Kaapstad - 9 P.M. |
| WOENSDAG | 17 MEI | - George |
| VRYDAG | 19 MEI | - Port Elizabeth |
| SATERDAG | 20 MEI | - Grahamstown - Stad Saal - 9 P.M. |
| VRYDAG | 26 MEI | - Durban - Methodist Church Hall - 9 P.M. |
| SATERDAG | 27 MEI | - Pietermaritzburg University - Students Union Hall |
| VRYDAG | 2 JUNIE | - Windhoek - Windhoek Teater - 9 P.M. |
| SATERDAG | 3 JUNIE | - Windhoek - Windhoek Teater - 9 P.M. |

TOEGANG - R8:00
T-hemde, Plakkers, Plate, en Badges sal by die deur verkoop word.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE